Publication: Rapport (Kaap), Weekliks
Date: 29 Jan 2017
Page: 4

# Wraak op taal speel met ménse se lewe

## Daar is geen twyfel dat die aanspraak op 'n universiteit wat in Afrikaans klas gee, geregverdig is nie, skryf **Jan Heunis.**

Ek is hier omdat ek vir 'n idee staan; vir 'n beginsel.

Dit is vandag waarskynlik belangriker as ooit vantevore dat die nasionale debat oor sake wat verband hou met die welsyn van Suid-Afrika en al sy mense, eerlik, openhartig, besadig, verdraagsaam, met volharding, met 'n oop gemoed en, veral, sonder uitsluiting gevoer moet word.

Een van die dinge waaroor 'n debat nodig is, is dié van Afrikaans as onderrigtaal - ook aan tersiêre opvoedkundige inrigtings wat, op hul beurt, bepalend is vir die tale waarin skole onderrig aanbied.

Die feit dat vier Suid-Afrikaanse universiteite binne die bestek van 'n jaar Afrikaans se status as primêre taal van onderrig beëindig het - en boonop dat nie een van daardie universiteite 'n betekenisvolle verbintenis aangegaan het tot die daadwerklike bevordering van 'n ander inheemse taal as wetenskaps- en akademiese taal nie - is rede tot groot kommer. Die feit dat klein aggressiewe minderhede - wat nie wil deelneem aan 'n gesprek soos dié wat ek bepleit nie - soms 'n buitensporige en disproporsionele rol in die formulering van taalbeleid gespeel het, is eweneens kommerwekkend.

Hoewel die vrygeborenes belangrike deelnemers aan 'n debat oor Suid-Afrika se toekoms is, is enige aanspraak dat hulle die enigste deelnemers mag wees aanduidend van 'n hartseer onvermoë om argument met argument te ontmoet, om standpunt teenoor standpunt te stel, om in 'n betekenisvolle debat met mense wat van jou verskil te tree en bereid te wees om oortuig te word van 'n ander standpunt.

Woorde het betekenis.

Die woorde van ons Grondwet wat daarop ingestel is om 'n vreedsame oorgang te verseker van 'n politieke bedeling wat die mense van hierdie land verdeel, verneder en beskaam het, tot een waar die soewereiniteit van die reg en fundamentele regte die boustene van 'n ten volle demokratiese bestel is, het betekenis.

Die woorde van art. 30, dat elkeen die reg het om die taal van sy keuse te gebruik, het betekenis.

Ook die woorde van die minister van hoër onderwys het betekenis as hy sê: "Die ministerie erken dat Afrikaans as taal van geleerdheid en wetenskap 'n nasionale bate is. Die ministerie ondersteun daarom die behoud van Afrikaans as 'n medium van akademiese uitdrukking en kommunikasie in hoër onderwys en is daartoe verbind om te verseker dat die vermoë van Afrikaans as funksie van so 'n medium nie weggekalwe word nie."

Die Universiteit Stellenbosch (US) is nie 'n eiland in die see van Suid-Afrikaanse tersiêre onderrig nie en die implementering van die Grondwet en die ministeriële beleid aan hierdie universiteit behoort bepaal te word deur 'n groot verskeidenheid faktore. Faktore soos dat Afrikaans die huistaal van 6,8 miljoen mense of 13,5% van die totale bevolking is. Of dat Afrikaans in die Wes-Kaap die huistaal van 49,7% van die inwoners en Engels die huistaal van slegs 20,2% is.

Skoolhoofde van bruin Afrikaanse hoërskole in die Wes- en Noord-Kaap wys daarop dat hul matrikulante met Afrikaans as huistaal baie moeilik suksesvol aan Engelse universiteite studeer en vir B-graadstudie is die uitsaksyfer van bruin studente 34% - heelwat hoër as die 24% van swart studente en 22% van wit studente. Dit is waarskynlik een van die belangrikste redes waarom bruin mense die laagste deelnamekoers van alle bevolkingsgroepe aan hoër onderwys het. Die verengelsing van Stellenbosch sal bruin studente van nog geleenthede ontneem.

Natuurlik is ek bewus van die hulpbrongegronde argument ingevolge waarvan finansiering kwansuis weerhou word van ander groepe deur die instandhouding van bestaande regte tot moedertaalonderrig.

U weet waarskynlik self hoe maklik dit is om hierdie argu-

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission